
SITRUSOEWER

20 - 22 Oktober 2017

Ons datum het so bietjie aangeskuif en ons besoek die pragtige oord in bietjie warmder weer. En was die weer ons nie genadig nie. Ons kon heerlik in die sonskyn buite kuier.

Vrydag daag daar 25 gesinne op en spoedig is die visstokke in die water. Die ander kuier en geniet mekaar se geselskap.

Die aand hou ek Boekevat en inbetalings word afgehandel.

Gou-gou brand die vure hoog.

Ongelukkig val Jana op 'n klip en moet by die hospitaal gaan vir steke. Tog geniet die ander die voorreg om buite te kan kuier.

Saterdag is weereens 'n lieflike dag. Sommiges besoek die rose skou by Addo en ander kuier sommer net lui-lui iewers rond.



Die pannekoekpanne begin sing op die stofies en almal kan heerlik smul. Baie dankie vir al die ondersteuning. Dit word opreg waardeer.

Later word die rugby kanale ingestel en spoedig word daar luidkeels geskreeu.

Boekevat word deur Lindie gehou en daarna is dit terug rugby toe en ander kuier om die vuur.

Sondag gaan neem 'n groepie eers deel aan die hardlopery.

Daarna vul Ds. Rudi ons gees weer uit die Woord uit.

Ag en toe moet ons maar stadigaan begin op pak. Die dag is natuurlik wonderlik en baie geniet eers die modderwater so van die loopplank af.

Sitrusoewer is werklik een van die oorde waar daar elke jaar iets nuuts is. Dit is 'n voorreg om die pragtige oord te kan besoek.

- Jakkie Barnardo
